**Tema: Die Here gaan oral saam met ons.**
**Eksodus: 33:7-23**

Die meeste van ons pak die laaste haastige deel van jaar met ‘n mengsel van opgewondenheid en onsekerheid aan. Ons is opgewonde, want Desember maand, ‘n tyd van vakansie en familie, lê voor. Maar ons is ook onseker, selfs ‘n bietjie bang vir die jaar wat ten einde spoed. Vir van ons wag daar eksamens, mikpunte wat gehaal moet word, van ons gaan hierdie jaar vir die eerste keer alleen wees.
Nie een van ons weet wat wag in die laaste kwartaal van 2023 nie. Voor ons lê die groot onbekende. Ons kan nie eens raai wat ons oor minder as 2 en ‘n halwe maand vir mekaar gaan sê oor die jaar wat dan verby is nie. Ons is onseker.

**Moses is onseker**.
Die uitdaging voor hom is net té groot. Die Here het hom aangesê om Sy volk deur die woestyn te lei na die beloofte land toe. Die opdrag klink dalk nie vir jou so erg nie, maar onthou net bietjie met wie hy hier te doen het. Die Jode is ‘n moedswillige volk, ‘n hardnekkige klomp mense bymekaar. Hulle is nou vir die eerste keer in hulle lewe vry na al die jare van slawerny en hulle is vasbeslote om te maak net soos hulle wil. Hulle is nie lus vir gesag nie, nie van God nie en virseker ook nie van Moses nie.

Dis ‘n nagmerrie. Dink oor die pad wat hulle moes volg. Die pad Kanaän toe het nie elke paar kilometer ‘n Ultracity of iets soortgelyk langs die pad nie. Dis woestynwêreld en die mense wat daar woon hou nie van vreemde mense wat deurtrek en hulle vee se weiding opgebruik nie. Omtrent nêrens langs hierdie pad is daar water nie en daar is bitter min kos.
Moses se werk is regtig nie die soort taak waarvoor enige regdenkende mens sal aansoek doen nie.
Maar dit is nog nie al nie. Ten minste weet Moses dit is God se opdrag en Hy sal sorg op die pad, maar toe kom maak die volk ook nog droog. Toe Moses sy rug draai, maak hulle ‘n goue kalf en aanbid dit. Hulle sê: “Hier is die God wat ons uit Egipte bevry het, Israel.”

‘n Ramp tref die volk en nou dreig hier selfs nog ‘n groter ramp. Die Here weier om verder saam met hulle te trek.

Arme Moses! Wat gaan hy maak? Wat kan hy maak? Dis te veel vir een mens. Hoe hanteer jy soveel onsekerheid? Wat sou jy in Moses se plek gemaak het?

1. **Wat maak Moses in sy onsekerheid?**
Toe Moses besef dat hy hom teen ‘n muur vasgeloop het en hy glad nie weet hoe vorentoe nie, gaan hy na ‘n plek van stilte en toewyding waar hy alleen met die Here kon wees. “Die tent van ontmoeting” het hy dit genoemen hy het getrou daarheen gegaan om by die Here te gaan stil word, sy hart voor die Here uit te stort en te hoor wat dit is wat die Here wil hê hy moet doen. Daar was dit net hy en God en die Here het met Moses gepraat soos ‘n man met sy vriend.

Ek het al baiekeer, veral in onseker tye, gewens dat Here met my so, soos man met sy vriend, wil praat. En dit is moontlik.

Dit begin by ‘n tent van ontmoeting of in ons taal, dalk eerder ‘n plek van ontmoeting. Daarvoor moet ons tyd maak. Net so belangrik as wat ons doen, is dat ons dit doen. Ons moet tyd maak vir stilwees en fokus op die Here.
In onvoorwaardelike geloofsvertroue, weet dat die Here jou wil ontmoet. Wees daarom gemaklik om jou hart voor Hom oop te maak.
Moses kan ook met God praat soos met ‘n Vriend. Hy weet dat sy Vriend hom eindeloos liefhet en Hom net die heel beste op aarde gun.

Ons hoor vandag steeds die Here se stem in sy Woord, wanneer ons die oop Bybel in die hand het in ons stiltetyd of by geestelike byeenkomste. By die kruis, in Jesus Christus, sien ons God in volkleur. Ons “sien” Hom by die doop en nagmaal. Saam met medegelowiges buig ons in aanbidding. Ons gesels met God in gebed. En natuurlik “sien” ons God ook onder andere in die natuur.

**Moses erken sy onvermoë vir die pad vorentoe**.
Moses verskyn voor God en wat my opval is hoe eerlik Moses met die Here is. Hy weet hy het die Here nodig. Hy weet hy kan nie self aan sy roeping beantwoord nie. Hy kan nie die uitdagings van die pad vorentoe hanteer nie. Moses weet, hy kan nie die pad sonder God loop nie.

En hy erken dit. Hy sê dit vir die Here in Eksodus 33:14-17: “14Toe het die Here gevra: “Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?”
15Toe het Moses vir Hom gesê: “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie. 16Hoe sal die mense weet dat ek en u volk u goedgesindheid geniet as U nie saam met ons gaan nie? Dit is juis deurdat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde.”
17Die Here het vir Moses geantwoord: “Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam.”

Die res is geskiedenis. Moses hoef toe nie die toekoms, die groot onbekende, alleen aan te durf nie. God sal saam met hom gaan wanneer hy saam met die volk verder trek na die beloofde land toe. God besluit in liefde om voor te gaan ten spyte van sy volk se onttrou.

Ook ons verdien geen toekoms saam met die Here nie. Dit is onverdiende genade as die Here God vandag weer vir elkeen van ons herinner: Ek het jou gekies. Ek is jou goedgesind. Ek is by jou. Ek sal jou nooit verlaat, jou nooit in die steek laat nie. Vat my hand, Ek gaan voor jou die laaste kwartaal in.”

3. **En tog stel God ook grense**.
   Moses vat ‘n kans. Dalk sal dit sy onsekerheid en angstigheid laat verdwyn as hy die Here kan sien. Dalk reken Hy dat hy die Here makliker sal volg as hy weet hoe die Hy lyk. En al weet hy hy mag nie, vra hy die Here om aan hom te verskyn. En op sy versoek antwoord God: “nee”.

   Dis ‘n baie belangrike les oor God wat Moses en ook ons vandag leer. Ja, God wás vir Moses genadig. Ja, God hét Homself aan Moses verbind en soos ‘n Vriend met hom gepraat.

En ja, God het belowe om, ten spyte van die volk se ongehoorsaamheid, saam met Moses te trek. Maar dit het niks aan die feit verander dat Hy steeds God gebly het nie. Moses moes leer dat God in beheer bly en dat Moses in hierdie verhouding sy plek moet ken.

God is ons Vader. Hy is lief vir ons. Hy gaan saam met ons. Hy nooi ons om al ons behoeftes aan Hom te kom voorlê, sodat Hy vir ons kan sorg. Maar Hy bly God. Ek en jy mag nooit aan Hom dink, of voor Hom verskyn, sonder om oorweldig te word deur sy almag en die wonder dat ons hoegenaamd met Hom mag praat nie. Dit is nie vanselfsprekend nie. Dit is net genade.

Wat wag in die laaste kwartaal vir ons? Ons weet nie. Maar wat ons wel weet is dat ons nie die laaste kwartaal sonder God kan of wil aanpak nie. In ons plek van ontmoeting kan ons met mekaar gesels soos vriende, Sy wil leer ken en Hy ons hart hoor. Vanuit ons plek van ontmoeting gaan Hy vir ons voor en gee Hy aan ons Sy vrede.
Amen